# HOOFSTUK VII.

## DIE WITWATERSRAND - SENTRAAL SKOOLRAAD

## 1908 - 1920.

### 1. Voorgeskiedenis.

Die eerste poging om Johannesburg van 'n skoolraad te voorsien wat as 'n plaaslike beheerraad vir die skole sou dien, is deur die Onderwysdepartement van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1897 probeer, na die goedkeuring van die Wet i.v.m. onderwys op die goudvelde. Die Skoolraad, bestaande uit verteenwoordigers van die uitlanders, het met die Onderwysdepartement gebots, omdat hulle hul regte toegeëien het wat die Onderwysdepartement nie aan hulle wou toestaan nie, bv. die sekretaris moes 'n amptenaar wees, maar die Skoolraad wou hul eie sekretaris kies wat aan hulle en nie aan die Onderwysdepartement nie verantwoordelik sou wees. Die Skoolraad het derhalwe na 'n paar maande doodgeloop, omdat gevoel is dat daar geen ag op hul aanbevelings geslaan is nie.

Met die Onderwyswet No. 7 van 1903 is meer adviserende rade geskep.(1) Die doel van die adviserende rade was om deur diegene, met hul kennis van plaaslike omstandighede en aspirasies, die onderwysstelsel in aanraking met die bewoners van die Transvaalse kolonie te laat bring. Wat die Witwatersrand betref, was daar geen dringende noodsaaklikheid om 'n raad te stig nie, omdat die maatskaplike toestande van so 'n aard was dat die skole maklik deur

'n inspekteur/

---

(1) a. Ordinansie No. 7 van 1903 Afd. 7, par. 8. „It shall be lawful for the Consultative and Advisory Committees and to define by regulation the functions and duties of such committees."
b. Report of the Transvaal Education Department 1906, 1.

'n inspekteur beheer kon word.(1) Beheer is dus deur 'n inspekteur oor die skole in Johannesburg uitgeoefen. Toe die Transvaalse Kolonie sy eie wetgewende raad op 6 Desember 1906 gekry het,(3) is planne beraam om 'n onderwyswet te passeer wat almal tevrede sou stel. Die Afrikaner het ontevrede gevoel met die stelsel van onderwys wat na die oorlog ingestel is, en alleenlik die toekenning van verantwoordelike bestuur kon hulle enigsins tevrede stel. Genl. J.C. Smuts, die minister van Onderwys, het in die Wetgewende Raad verduidelik dat die jeug van die kolonie saam opgevoed moes word en om dit te doen, sou hy 'n onderwyswet voorlê wat almal, Hollands- sowel as Engelssprekendes tevrede sou stel. Die wet sou dit wat goed in die ou sisteem is, sowel as die aspirasies van die C.N.O.-beweging beliggaam. Die nuwe onderwyswet het by die Wetgewende Raad sonder enige verdeeldheid deurgegaan.(3) Die wet het onder andere voorsiening vir skoolrade gemaak. So is die bevolking tevrede gestel, en hulle kon voel dat hulle weer seggenskap oor hul skole en die skole in hul gebied kon hê.

2. Wetgewing, 1907.

(a) Invloed van Lord Selborne se Memorandum.

Lord Selborne, die opvolger van lord Milner, het 'n heeltemal ander standpunt as sy voorganer ingeneem. Milner was outokraties en het deur middel van wetgewing regeer. Selborne, daarenteen, het daarin geglo dat burgers van 'n land hulself moes regeer asook seggenskap in hul regering moes hê.(4) Na sy aankoms in die land het/

(1) Report of the Transvaal Education Department 1906, 18.
(2) Malherbe: Education in South Africa, 325.
(3) Report of the Transvaal Education Department 1907, 2.
(4) Malherbe: Op cit.

het hy 'n besoek aan die verskillende dele gebring, en veral ag geslaan op die onderwystoestande wat daar geheers het. Met die eerstehandse kennis het hy 'n memorandum opgestel wat oor die beheer van die onderwys in Transvaal gegaan.(1) In die dokument het hy voorgestel dat die probleme waarmee onderwys op die tydstip belas was, opgelos moes word deur die ouer, weer seggenskap oor die onderrig van sy kind te gee, deur die skepping van skoolkommissies. Alhoewel die sentrale administrasie van die Onderwysdepartement in Pretoria was, is daar gevoel dat skoolrade vir elke magistraatsdistrik geskep moes word om die Onderwysdepartement van advies te dien, en van inligting te voorsien in verband met die behoeftes van die distrik wat onderwysgeriewe betref.(2) Selfs die pligte van die skoolkommissie en die skoolraad sou so opgestel word, dat die bewoners van elke distrik van die optrede van die Onderwysdepartement bewus sou wees. Die memorandum van Selborne het ook oor die taalvraagstuk en die aanstelling van onderwysers gehandel. Die memorandum was 'n groot stap vorentoe na die burokratiese beheer wat van die begin van die oorlog af ingestel is. Met die goedkeuring van verantwoordelikheid in Desember 1906 is die pad vir die nuwe minister van onderwys oopgemaak om die wenke toe te pas. Hulle is in die Onderwyswet No. 25 opgeneem en op 19 Augustus 1907 met die samewerking van die Regerings- en opposisiepartye goedgekeur, sonder die minste verdeeldheid.(3) Dus het daar in die nuwe onderwyswet 'n sintese plaasgevind: die beste van die na-oorlogse onderwys is by die ideale en aspirasies van die Christelik-Nasionale

Onderwysbeweging/

---

(1) a. Malherbe: Education in South Africa, 325 - 326.
b. Report of the Transvaal Education Department 1905 - 1906, 152.

(2) Ibid.

(3) Report of the Transvaal Education Department 1907, 2.

Onderwysbeweging gevoeg.

(b) <u>Onderwyswet No. 25 van 1907</u>.

Met die toekenning van verantwoordelike bestuur in Desember 1906 het genl. J.C. Smuts koloniale sekretaris en minister van Onderwys in die nuwe wetgewende raad geword.(1) Met die inligting wat deur lord Selborne verskaf is en die ideaal om eenheid uit die twee onderwysstelsels van die Kroonkolonie en die C.N.O.-beweging te skep, het hy die Onderwyswet No. 25 van 1907 geloods. Die wetgewing sou op 1 Oktober 1907 van krag word.(2) Hoofstuk IX van die wet handel oor die plaaslike bestuur van skole waarin aangedui is dat die kolonie in skooldistrikte ingedeel sal word en vir elke distrik sal daar 'n bestuur of skoolraad saamgestel word,(3) terwyl daar vir afsonderlike skole kommissies ingestel mag word.(4) Skoolrade sou uit 6, 9 of 12 lede bestaan, waarvan een-derde deur die Goewerneur aangestel en die res deur alle stemgeregtigdes verkies sou word; kwalifikasies en diskwalifikasies van lede word neergelê; die bepalings vir die verkiesing volg daarna; elke skoolraad sal 'n voorsitter en 'n vise-voorsitter kies; 'n kworum sal uit minstens drie en hoogstens vyf lede bestaan; notule van die vergadering moet gehou word; 'n besoldigde sekretaris-tesourier sou vir elke skoolraad benoem word; die algemene magte van die skoolrade was die algemene toesig oor alle openbare skole, klasse en inrigtings binne sy distrik, advies met betrekking tot die voorsiening van skole in sy distrik; die beheer van skooleiendomme; die administrasie van sekere fondse; die oor-

weging/

---

(1) a. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
b. Malherbe: Education in South Africa, 337.

(2) Coetzee: Op cit.

(3) Wet No. 25 van 1907, par. 39.

weging van sake voorgelê deur skoolkommissies en beherende liggame,(1) die opstel van verslae en die aanhou van registers en rekeninge, en die aanbeveling van onderwysers vir aanstelling deur die Direkteur van Onderwys.(2)

Verder sou skole deur skoolkommissies beheer word, wat uit 5 en hoogstens 7 lede sou bestaan, gekies uit die ouers van die skoolgaande kinders.(3) Die magte van die kommissies sou mededelinge aan die skoolraad doen insake enige aangeleentheid oor die welsyn of werksaamhede van die skole; die toesig oor skoolgeboue en eiendomme; die aanbeveling van onderwysers by die skoolraad.(4) Die wetgewing is verder saamgevat in die „Regulaties bepalende Zamenstelling en de Plichten van Adviserende Schoolcommissies en Schoolraden," wat in 1907 deur die Onderwysdepartement uitgegee is.

Alhoewel die wetgewing as alomvattend beskou was, moes die Direkteur op taktvolle manier in sy jaarrapporte nog aandui hoe die skoolraad moes funksioneer. Beheer is oor die skoolrade deur die tesourie uitgeoefen, wat alle gelde vir die onderwys moes verskaf. Die wetgewing is deur die Direkteur van Onderwys as omvattend beskou, en het voorsiening gemaak, met die uitsondering van wysigings, vir die volgende vyf-en-twintig jaar.(5) Daar is voorsiening gemaak vir adviserende liggame soos skoolrade, skoolkommissies en beherende liggame van hoërskole wat nie onder die beheer van die skoolraad sou val nie, en die voorsiening het 'n groot invloed op die uitoefening van

die/

---

(1) Wet No. 25 van 1907, par. 41 - 44; 51 - 54; 58 - 59; 61 - 62; 64.

(2) Ibid., par. 65 en 78.

(3) Ibid., par. 67.

(4) Ibid., par. 71.

(5) Report of the Transvaal Education Department 1907, 2.

die administrasie van die onderwys in die Transvaal gehad. Die aanbevelings van die adviserende liggame sou gevolg word, wat betref die verskaffing van personeel en skole. Hulle sou die aandag van die Onderwysdepartement op die aangeleenthede vestig waar dit die meeste nodig geag is. Die plaaslike liggame is deur Adamson beskryf as: „fulfilling in an advisory and administrative way functions analogous to those which the veins and arteries of the human body respectively discharge."(1)

Met verwysing na die skoolrade is aangedui dat hulle geen fondse kan insamel nie, omdat alle gelde wat nodig is ter bevordering van onderwys deur die tesourie verskaf sou word, op aanbeveling van die Onderwysdepartement. Die magte van die skoolraad is magte aan die liggaam oorgedra om die werk van die Onderwysdepartement te verrig. Die skoolraad is die plaaslike agent en die voorhoede van die administratiewe afdeling van die Onderwysdepartement.(2) Die skoolraad is dus 'n verteenwoordiger, 'n adviseur, en met betrekking tot sekere gelde, die plaaslike administrateur van die sentrale Onderwysdepartement.(3)

## 3. Die Ontstaan van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad.

Nadat die nodige reëlings getref is vir die verkiesing van lede vir skoolrade soos in die Regeringskennisgewing No. 1,100 van 1907 uiteengesit en in die Staatscourant van 4 Oktober 1907 gepubliseer, het die eerste vergadering van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad op 7 Januarie 1908 plaasgevind. Die Skoolraad sou beheer oor alle skole binne die munisipale grense van Johannesburg/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1907, 3.

(2) Ibid., 2.

(3) Report of the Transvaal Education Department 1908, 11.

Johannesburg asook 'n afdeling van die verkiesingswyk van Pretoria-Wes uitoefen. As voorsitter het die heer L.L. Playford, hoofmagistraat van Johannesburg, opgetree, totdat die lede teenwoordig hul eie voorsitter volgens die voorgestelde regulasies gekies het.(1) Teenwoordig was: dr. Anne Cleaver, die here C. A. Lane, M.A. Begemann, C.F. Stallard, F.W. Beyers, J.J. Ware, W.B.M. Vogts, J.W. Quinn, M. Nathan en archdeacon Furse, asook die plaaslike inspekteur, F. Handel Thompson. Mnr. H.J. Hofmeyr is in sy afwesigheid tot voorsitter gekies met C.A. Lane as ondervoorsitter. Later sou oor 'n sekretaris besluit word. Daar is besluit om komitees in die lewe te roep wat die menigvuldige pligte, aan die skoolraad oorgedra, kon behartig, bv. 'n finansiële en boukomitee, 'n skoolbestuurkomitee om toesig oor skole te hou, en 'n komitee om met die algemene sake te handel, waarmee die skoolraad belas is. Daar is ook voorgestel dat 'n komitee aangestel word om 'n inspeksietoer deur die skoolraadsgebied te onderneem, om sodoende die nodige inligting in te win om 'n begroting vas te stel van watter voorsiening gemaak moes word. Die voorstel is van die hand gewys.(2) Die inspekteur, F. Handel Thompson, wat self al die pligte van die skoolraad moes behartig, omdat daar geen liggaam voor die tyd in Johannesburg was nie, het korrespondensie aan die skoolraad voorgelê in verband met verskillende eise. Die werk is na die verskillende komitees verwys.

Om die werk van die skoolraad in sy verskillende vertakkinge gedurende die volgende twaalf jaar na te gaan, het ons probeer om hul pligte in onderafdelings saam te vat,

4. Die/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 7 Januarie 1908, 1.

(2) Ibid., 3.

## 4. Die Verrigtinge van die Skoolraad.

### (a) Verhouding met die Onderwysdepartement.

Voor die stigting van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad is alle opvoedkundige werk in die hande van die inspekteur gelaat, omdat die maatskaplike toestande 'n eenheid gevorm het, waarvoor die Onderwysdepartement maklik kon voorsien, omdat hulle ten volle van die ontwikkeling van onderwystoestande aldaar bewus was.(1) In 1908, na die skoolraad 'n jaar lank geywer het, het die Direkteur van Onderwys opgemerk dat sekere skoolrade hul werk verrig van die standpunt van apartheid en selfstandigheid, sonder inagneming van die beginsel van verteenwoordiging en eenheid met die sentrale Onderwysdepartement.(2) Die Onderwysdepartement se plaaslike verteenwoordiger was die inspekteur, en die skoolrade is vermaan om saam met hom te werk in die aanbeveling van nuwe skole, die sentralisering van ou skole of enige veranderings wat beplan is. Die inspekteur moes beskou word as die persoon wie se kennis insake die behoeftes van die are en die voorsiening van die behoeftes grondiger sal wees as enige ander een.(3)

Die skoolraad wou vaste kantore tot hul beskikking hê, en het in Januarie 1908 aan die Onderwysdepartement geskrywe om 'n skriftelike verklaring te verkry dat hulle die kantoor van die inspekteur van skole as kantoor kan gebruik.(4) Kort na die aanstelling van die sekretaris is hy gevra om sekere pligte uit te voer, wat hy gevoel het nie deel van sy pligte was nie. Die skoolraad het

die/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1906, 16.

(2) Report of the Transvaal Education Department 1908, 11.

(3) Ibid.

(4) Minutes of the General Purposes Committee, 29 Jan. 1909, 2.

die Onderwysdepartement in kennis gestel dat geen pligte van die sekretaris verwag word buiten die wat in die Onderwyswet of Regulasies vasgelê nie. Die Onderwysdepartement het geantwoord dat die addisionele funksies wat aan die sekretaris toevertrou word, behalwe sy nominale pligte, vir addisionale gemak en opvoedkundige doeltreffendheid bedoel is. As die sekretaris nie die pligte nakom nie, sou 'n spesiale beampte vir die doel aangestel moes word en die sekretaris se salaris in hersiening geneem moes word.(1) In 1910 is die skoolraadsdistrik van Witwatersrand-Sentraal vergroot om die volgende wyke in te sluit: die verkiesingswyke van Bezuidenhout, Clifton, Denver, Ferreiras, Fordsburg, Hospitaal, Jeppe, Langlaagte, Marshallstown, Newtown, Ophirton, Parktown, Robinson, Siemert, Troyeville, Turffontein, Union, Von Brandis, Vrededorp-Wes, City and Suburban, Yeoville en die stemdistrik 5 van die verkiesingswyk van Pretoria-Suidwes.(2) Weer is die pligte van die skoolraad in die jaar herhaal om enige foutiewe vertolking van die Onderwyswet te voorkom. Adamson het gesê dat die skoolraad die plaaslike agent van die Onderwysdepartement is, wat ondersoek instel na wat die plaaslike bevolking op onderwysgebied nodig het, en dan wenke aan die hand doen hoe om aan die eise te voldoen. In sekere sake het die skoolraad onafhanklikheid besit soos bv. die oprigting van 'n skool, die keuse van 'n perseel vir die skool, die meubilering, hulp aan behoeftige ouers wat meer as drie myl van die naaste skool woon, verpligte skoolbesoek en die keuse van onderwysers. Maar die skoolraad is ook van die sentrale Onderwysdepartement vir die uitvoering van sy wense afhanklik. Die beheer is dus oor die

skoolraad/

(1) Minutes of the General Purposes Committee, 21 April 1908, 39.

(2) Report of the Transvaal Education Department 1910, 10.

skoolraad uitgeoefen deur die beurs van die Onderwysdepartement.(1) Die rede vir die reëlings is 'n kompromis tussen twee alternatiewe waarvan nóg die een nóg die ander aanneemlik sou wees, as rekening met die geldelike toestand en die gevoelens van die burgers gehou word. Die eerste alternatief sou 'n selfbesturende verantwoordelike skoolraad wees met die sentrale Onderwysdepartement as toesighouer en kritikus op grond van die toelaes uit die landskas gemaak. Die tweede alternatief sou 'n volle sentrale verantwoordelikheid en uitvoering van die onderwysbeleid wees soos in die geval van 'n staatsdepartement soos die Pos- en Telegraafwese. Die eerste alternatief is nie moontlik nie omdat die materiële verspreiding van rykdom en armoede nie dieselfde in alle dele van die Transvaal is nie. Die Rand-Sentraal Skoolraad sou sy eie skole voorsien en eie onderwysers met staatshulp betaal. Waterberg weer sou dit nie kon doen nie. Die heffing van plaaslike belastings vir onderwys sou spaarsaamheid meebring. Ook sou regeringsonderwysers uit publieke fondse betaal moes word. Die tweede alternatief van volle burokratiese beheer sou nie in Suid-Afrika toegelaat word nie. Dit sou die burger van ons land nie verdra nie. Daar is altyd gevoel dat die burger geraadpleeg moet word oor die skole en onderwysers en dus het die Wet No. 25 van 1907 die twee alternatiewe saamgesnoer om die meeste tevredenheid te verskaf.(2) Skoolrade sou die eerste jare van hul bestaan hul weg voel en daarom is die ad hoc komitees vir sekondêre skole, d.i. beherende liggame, in die lewe geroep om die skoolrade 'n kans te gee om rigting te vind.

Die verhouding tussen skoolraad en skole onder sy beheer/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1910, 10.
(2) Ibid., 13.

beheer is ook uiteengesit. Skoolrade moes hulle nie met die skoolwerk inmeng nie, maar moes toesig oor die opvoedkundige welsyn van sy distrik hou en aan die sentrale Onderwysdepartement enige sake wat aandag geniet, bekendmaak. Die onus om skole op te rig, lê by die skoolraad.(1)

Met die voorbereiding vir die volgende verkiesing van skoolraadslede is deur die skoolraad gevra en te kenne gegee dat net een ouer van elke gesin die reg besit om in 'n skoolraadsverkiesing te stem.(2)

In 1909 het die werk van die skoolraad so vermeerder dat die sekretaris 'n assistent moes bykry. Die skoolraad het aansoek gedoen om die assistent te laat erken as staatsamptenaar, maar het nie daarin geslaag nie.(3) Sedertdien is skoolraadsbeamptes nie as staatsamptenare beskou nie, en geniet ook nie die voorregte van laasgenoemde nie.

Die skoolraad het dus sy eerste drie jaar bestee deur die Onderwyswet van 1907 na te gaan om uit te vind wat hul werklike pligte was, want: „it could not be too well recognised that the duty of a School Board was to administer and not to improve on the Act of Parliament which regulated their meetings."(4) Die voorsitter het in sy laaste vergadering gesê dat: „The Education Department had somewhat autocratic methods, and perhaps did not entirely/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1910, 17.

(2) a. E 264, Secretary, Witwatersrand Central School Board - Secretary, Education Department, 4 November 1910.
b. E 264, Director of Education - Secretary, Witwatersrand Central School Board, 10 November 1910.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 5 November 1909.

(4) a. Ibid., 27 Junie 1910.
b. Transvaal Leader, 28 Junie 1910.

entirely appreciate their efforts to bring certain matters to its notice."(1) Dus met 'n sekere mate van botsing, het hulle die nodige presedente geskep vir toekomstige handelinge van nuwe skoolraadslede.

(b))Die Voorsiening van Skole.

Johannesburg, met sy steeds groeiende bevolking, het nog nooit 'n stadium bereik wanneer eerlik gesê kon word dat daar voldoende blanke en nie-blanke skole tot die beskikking van die kinders van die stad is nie. Die grootste taak van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad was om voorsiening te maak vir skole deur grond in die hande te kry, geboue te huur, en op te rig en selfs twee sessies in die een gebou to laat reël. Dis onmoontlik om die menigvuldige pligte, deur die skoolraad verrig, na te spoor, maar die erns en pligsgetrouheid waarmee hulle hul pligte aangepak het, blyk uit die werk wat hulle verrig het.

(i) Die Aanskaf van Skoolpersele. Gewoonlik word voorsiening vir 'n skool gemaak as 'n voorstad uitgelê word en grond vir die doel opsy gesit is. Soms is gevind dat in die ouer voorstede grond nie beskikbaar is nie en planne moes beraam word om die toestand te beredder. Na die aanstelling van die skoolraad is onderwystoestande in Johannesburg nagegaan en daar is besluit dat grond vir 'n skool in Vrededorp dringend nodig is.

Vrededorp. Die finansiële en boukommissie van die skoolraad het al in die eerste maand van sy werksaamhede aanbeveel dat 'n perseel in Vrededorp vir kleurlingkinders verkry moes word. Die perseel moes naby die woonbuurt wees/

---

(1) a. Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 27 Junie 1910.
b. Transvaal Leader, 28 Junie 1910.

wees en 'n erf 300 by 200 voet op die ou kafferlokasie is as geskik beskou.(1) Die Johannesburgse stadsraad het grond aangebied en daar is oor grond vir skooldoeleindes onderhandel. Die Onderwysdepartement het op twee persele aanspraak gemaak, een vir blankes en die ander vir nie-blankes in die „Coolie, Kaffir and Coloured races location."(2)

Reëlings is met die Spoorweg Administrasie getref vir grond in die kafferlokasie,(3) nadat dit uitgekies is. Die stadsraad is in kennis gestel en het die nodige onteiening verrig sodat die persele aan die Regering vir 'n skool oorhandig kon word.(4) Daarop sou 'n kleurlingskool opgerig word sodat die kleurlingkinders van die blankes afgesonder sou wees, wat 'n groot verbetering in die plaaslike toestande aldaar teweeg sou bring.(5) Daar is gevind dat die grond aan mynregte onderhewig is en dat die „Langlaagte Exploration Co." die perseel sou vrystel teen 'n betaling wat as onbillik beskou is. Die spoorweg is weer om grond genader, en indien die spoorweg nie grond vir 'n skool kon afstaan nie, sou die Regering die grond onder die onteieningsklousules van die goudwet van 1909 moes neem.(6)

Langlaagte. Langlaagte het deel van Johannesburg geword toe die grense in 1902 vergroot is. Daar is

besluit/

---

(1) Minutes of the Finance and Building Committee, 28 Jan. 1908.

(2) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 24 April 1908.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 16 Junie 1908.

(4) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 13 Okt. 1908.

(5) Ibid.

(6) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 1 Okt. 1909.

besluit dat 'n deel van Melville se grond vir £100 vir 'n skool aangekoop moes word.(1) Omdat die grond onder 'n claimlisensie gehou is, is besef dat die titelvoorwaardes van die claim nie sou toelaat dat 'n skool op die grond gebou word nie.(2) 'n Ander erf is gesoek, dog sonder sukses en daar is besluit om 'n stuk grond te laat onteien sodra die wet van krag was.(3) Daar is dus aan die begin van 1909 aanbeveel dat drie claims op die grond van Melville verkry word, teen betaling van £250.(4) Toe die skoolraad die claims 1244, 1245, 1248 en 1247 (wat onreëlmatig was) wou onteien, is dit gevind dat die claims in die naam van mons. le Baudy, „the Emperor of the Sahara" geregistreer is, wat nie opgespoor kon word om die nodige dokumente te teken nie.(5) Die keer is daar weer grond gesoek en die uitvoerende raad van die Regering het die aankoop daarvan goedgekeur.(6) Met die verkryging van ander grond het dit makliker gegaan, want die grond was nie naby die myne geleë nie.

Rosebank. Persele 14 en 21, Rosebank stadsgebied, is vir 'n skool opsy gesit en die skoolraad het sy tevredenheid daarmee te kenne gegee.(7)

Forest Town. Daar is gewys dat in elk van die stadsgebiede Parkview en Parkwood twaalf standplase vir 'n

skool/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 28 Jan. 1908.

(2) Minutes of the Finance and Building Committee, 24 Feb. 1908.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 30 Okt. 1908.

(4) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 12 Jan. 1909.

(5) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 19 Maart 1909.

(6) Ibid., 6 Aug. 1909.

(7) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 27 Okt. 1908.

skool opsygesit is, en daar is aanbeveel dat met die loop van tyd daar die nodigheid sal ontstaan vir die bou van 'n skool in die stadsgebied en dat twaalf persele aangevra word.(1)

Doornfontein. Daar is ook aanbeveel dat veertien standplase in Staibstraat Nu-Doornfontein vir £2,000 vir 'n skool aangekoop word.(2)

„Jewish" Skool. Die Hebreeuse skool grensende aan die sinagoge in De Villierstraat is te koop aangebied na die afkeuring van die gebou. Om die gebou en grond te verkoop, moes die servituut opgehef word, en die geld wat verkry word weer in 'n ander skoolperseel belê word. Die Regering kon nie toestemming gee vir die opheffing van die servituut nie, want daar is geen voorsiening vir so 'n geval in die goudwet gemaak nie. Die skoolraad was nie daarmee tevrede nie en het geëis dat die servituut opgehef moes word.(3) Na onderhandelinge het dit blykbaar geskied, want in 1913 is daar besluit om grond in Endstraat vir die oprigting van 'n nuwe gebou vir die skool aan te koop.(4)

Turffontein. Dieselfde moeilikheid wat die Hebreeuse skool ervaar het, is in Turffontein ondervind. Die ou standplase was blykbaar onderhewig aan servitute wat dit moeilik gemaak het vir die gebruik van die grond, behalwe vir die doel van die aankoop, d.w.s. om 'n huis of verblyfplek op te bou. Die Departement is genader dat blok 63 en standplase 169/173 van die servituut vrygestel en aan die/

---

(1) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 8 Des. 1908.

(2) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 7 Mei 1907.

(3) Ibid., 6 Aug. 1909.

(4) Ibid., 13 Junie 1913.

die skoolraad vir die bou van die skool oorgedra moes word.(1)

Markstraatskool. 'n Perseel is vir die bou van 'n nuwe skool vir die huidige Markstraatskool gesoek. Daar is met die stadsraad van Johannesburg onderhandel om grond in Newtown beskikbaar te stel.(2)

Von Brandisplein. 'n Nuwe skool in die buurt van Von Brandisplein was dringend nodig geag en die munisipaliteit van Johannesburg het gevra dat 'n skool op die Regeringsgrond van Von Brandisplein gebou moes word, sodat ander grond nie vir die doel afgesonder kon word nie.(3)

Braamfonteinskool. 'n Skoolperseel is deur die Onderwysdepartement vir 'n skool in Braamfontein opsy gesit en het die goedkeuring van die skoolraad weggedra.(4)

Die skoolraad het dus opgetree om grond te bekom en voorsiening is ook gemaak vir die toekoms en die moontlike uitbreiding van die stad.

(ii) Die Huur van Geboue. Sedert die dae van die Kroonkoloniebestuur is geboue in Johannesburg gehuur om voorsiening vir skole te maak. Sodra die Regering 'n geskikte gebou opgerig het, is die huur opgehef. Die nuwe raad het vroeg met dié deel van sy pligte kennis gemaak en het gesorg dat die gehuurde geboue deur die eienaar in 'n goeie toestand gehou is.

Regentspark. Die opening van 'n skool in die stadsgebied/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 3 Sept. 1909.

(2) E 7/52, Town Clerk, Johannesburg-Secretary, Public Works Department, 24 Des. 1909.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 27 Maart 1908.

(4) Ibid., 24 April 1908.

stadsgebied en die huur van 'n gebou vir die huisvesting van die skool is die eerste geval wat in die skoolraad se notule voorkom. Die geval is na die komitee verwys, wat aangestel is om dié sy van die skoolraad se werk te behartig.(1)

"Jewish" Skool. Die skool is deur die Onderwysdepartement in 1903 oorgeneem en het in 1908 die stadium bereik dat die gebou herstel moes word. Mnr. Lance, een van die lede, het die herstel van die gebou met die Sekretaris van Onderwys en die Departement van Publieke Werke bespreek, sodat daar aangebied is om £150 vir die herstel van die gebou uit te gee. Die betaling sou geskied op voorwaarde dat as die gebou herstel is, die Regering van alle verantwoordelikheid onthef sou word, wat in die huurkontrak voorgeskryf is. Die skool is dus tot 28 Januarie 1908 gesluit en het 'n week na die ander skole begin sodat die nodige herstelwerk verrig kon word.(2) Die huurkontrak is hersien en goedgekeur.(3) Daarvolgens sou die skool drie jaar aan die Hebreeuse gemeente vry van huur verpag word, op voorwaarde dat £300 vir die herstel en verbetering aan die gebou betaal word. £100 sou kontant betaal word en daarna £25 per maand tot die som vereffen is. Gedurende die tyd sou die eienaars vir enige verdere reparasies verantwoordelik wees.(4) In 1909 is daar besluit dat 'n ander gebou vir die skool verkry moes word, omdat die sinagoge vir ander doeleindes gebruik word. Daar is besluit om die baksteenafdeling

van/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 11 Jan. 1908.

(2) Ibid., 20 Jan. 1908.

(3) Minutes of the Finance and Building Committee, 6 April 1908.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 27 Maart 1908.

van die Von Brandisskool aan die skool af te staan.(1)

Yeovilleskool. Voor die stigting van 'n skool in die stadsgebied was daar 'n skooltjie deur 'n mev. Wilkes gereël. Sy het na onderhandelinge met die skoolraad besluit om haar gebou aan die Onderwysdepartement te verhuur, op voorwaarde dat sy as lid van die personeel van die voorgestelde „Yeoville High School" opgeneem sal word. Die skoolraad het die voorwaarde van die hand gewys.(2) Indien sy nie die voorwaardes soos deur die skoolraad gestel wou aanneem nie, is besluit om 'n ander gebou te soek.(3)

Ander Skole. Die gebou van die Vrymesselaarsaal in Bellevue-Oos is as 'n skool vir ses maande teen £6.0.0 per maand gehuur.(4) Die Fordsburg C.N.O. skoolgebou is ook op 'n jaarlikse kontrak verhuur wat met ses maande kennisgewing opgesê kon word.(5) Die Victoriaskool wat in 1898 deur die Wesleyaanse Kerk in die gebou opgerig is, is ook vir 'n skool verhuur.(6) Skole is ook in Vrededorp, Braamfontein, Jeppe, Rosebank en die Ireneskool van die Verenigde Kerk verhuur.(7)

Beleid van die Skoolraad in verband met Herstelwerk. Die skoolraad het gevind dat reparasies aan gehuurde geboue nie/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 7 Mei 1909.

(2) Ibid., 27 Maart 1908.

(3) Minutes of the Finance and Building Committee, 6 April 1908.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 20 Nov. 1908.

(5) Ibid., 6 April 1908.

(6) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 15 Sept. 1908.

(7) Ibid., 2 Feb. 1909; 27 Okt. 1908; 11 Feb. 1908; 3 Junie 1910.

nie altyd verrig word nie. Die kontrak wat deur die komitee van die „Jewish" skool met die Onderwysdepartement aangegaan is, het aangedui dat die skoolgebou, indien dit nie langer deur die Onderwysdepartement gebruik word nie, in dieselfde toestand aan die huurders terugbesorg moes word, soos dit aan die Onderwysdepartement oorhandig is.(1) Fordsburg Goedehoopskool het toiletkamers nodig gehad, maar regulasies van die Onderwysdepartement het nie toegelaat dat enige publieke gelde aan reparasies of addisionele fasiliteite bestee word nie. Die dienste was dringend nodig en daar was geen ander gebou in die omgewing wat as skool gebruik kon word nie.(2) Die skoolraad het hom tot die Onderwysdepartement gewend, wat voorgestel het dat die Regering geen verbetering aan gehuurde geboue sou aanbring nie. Waar die verhuurder weier om die verbeteringe aan te bring, soos in die geval van die Fordsburg Goedehoopskool, is by die skoolraad aanbeveel om die verbeteringe aan te bring, nadat toestemming van die Onderwysdepartement verkry is. Verbetering moes van so 'n aard wees dat hulle verwyder kan word en die eienaar moet in kennis gestel word dat die verbeterings die eiendom van die Onderwysdepartement is.(3)

(iii) Akkommodasie. Die skoolraad het gedurig aansoeke van belastingbetalers en waaksaamheidskomitees ontvang wat skole vir hul eie voorstede aangevra het. Die aansoeke, soos die van die Regentspark Belastingbetalersvereniging(4) en die Booysens Reserve Waaksaamheidskomitee/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 11 Jan. 1908.

(2) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 25 Aug. 1908.

(3) Ibid., 23 Maart 1908.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 4 Junie 1909.

heidskomitee(1) het dit nodig gemaak dat die voorsiening van skole in die distrikte nagegaan moes word, voordat aanbevelings gemaak kon word. Terselfdertyd moes daar geboue opgerig word om die gehuurde geboue te vervang. In die eerste jare van die skoolraad se betaan is daar werk in die rigting verrig. Allerhande planne is beraam om soveel kinders moontlik in die geboue wat ter beskikking van die skoolraad gestel is, te onderrig. Noemenswaardig is die poging om dubbelsessieskole te reël. Daar is in Oktober 1908 voorgestel dat, aangesien daar nie minder as 3,702 kinders van skoolgaande ouderdom in die skoolraadsdistrik was wat nie skool toe gaan nie, en ook omdat die huidige akkommodasie nie genoeg is nie twee skole in die een gebou gereël sou word. Een klompie kinders kan in die môre skoolgaan en 'n ander in die namiddag. Die Onderwysdepartement is genader om toestemming daartoe te gee.(2) Die Onderwysdepartement het na onderhandelings sy toestemming verleen.(3) Die saak is nie weer voor die begin van die derde kwartaal van 1910 aangeroer nie, toe besluit is dat sekere skole twee sessies per dag sou hê. Daar is in 1913 besluit op die konsentrasie van klasse sodat daar meer ruimte in skole sou wees.(4) Die plan was om 'n sentralegebou te kry en die kinders uit die hoër standerds van die primêre skole daarheen te stuur. Die Raad van die „School of Mines and Technology" het ingewillig om kamers op Pleinplein, wat deur die munisipaliteit gebruik is, vir so 'n skool af te staan. Daar is aanbeveel dat alle leerlinge vanaf standerd VI na die skool gestuur word. As dit prakties sou wees, sou dit help om die/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 19 Junie 1908.

(2) Ibid., 9 Okt. 1908.

(3) Ibid., 30 Okt. 1908.

(4) Ibid., 3 Okt. 1913.

die druk in die skole van die voorstede te verminder.(1)

Akkommodasie het met die wêreldoorlog nie minder geword nie, sodat Howard Pim, die voorsitter van die skoolraad, genoodsaak was om op te tree. Regulasies is uitgereik waarvolgens o.a. die oprigting van nuwe skole opgeskort is, asook die aanstelling van addisionele personeel. Hy het gevoel dat daar 'n onreg gedoen sou word indien die Onderwysdepartement die regulasie uitvoer, want in Johannesburg is die invloed van die oorlog nie direk gevoel nie. Die onderwys van kinders, het Pim gemeld, kan nie uitgestel word nie, want as hulle nie opgevoed word op 'n ouderdom wanneer hulle daarvoor vatbaar is nie, sou hulle vir die res van hulle lewe gepenaliseer word. . Geen provisionele reëlings kan die plek van georganiseerde onderwys neem nie. Die verantwoordelikheid vir die onderrig van kinders wat deur die Regering aangeneem is, is groter as die verantwoordelikheid om geld vir 'n onderwysdepartement te vind. Dit is die plig van die Regering om te sorg dat elke kind van skoolgaande ouderdom skool toe gaan as hy daarvoor reg is. Die werk en verantwoordelikheid eis dat die Regering die nodige gelde moet voorsien wanneer dit vir die onderwys nodig is. Die laaste Regeringsdepartement wat moet ly as daar 'n tekort aan geld is, is die van onderwys.(2) As gevolg van die optrede van die skoolrade van die Witwatersrand en Patrick Duncan, is geld weer vir skole toegestaan. Alhoewel daar belowe is dat akkommodasie verskaf sou word, het die Regering niks gedoen nie behalwe om 'n paar addisionele kamers by bestaande skole te bou.

Pim/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 12 Jan. 1915. Dit is die begin van die bekende „Tin Temple."

(2) Ibid., 22 Feb. 1916.

Pim het verder gegaan en duidelik gemaak wat die Onderwysdepartement van plan was om te doen. Nadat in besonderhede elke skool se vereistes bespreek is, het hy gemeld dat die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad verlang dat daar skole en onderwysers vir elke kind, blanke of nie-blanke, moet wees vanaf die ouderdom van 6 tot 15 of tot hulle die vyfde standerd bereik het. Nadat 'n leerling die laerskoolkursus voltooi het, behoort hy die keuse te hê om 'n hoërskool, handelshoërskool of vakskool by te woon. Daar behoort ook 'n normaalkollege te wees om die nodige opleiding aan aspirant onderwysers te verskaf. Al die elemente is in die skoolraadsdistrik teenwoordig, maar daar is geen koördinasie of akkommodasie om die stelsel ideaal te maak nie. Hy beveel aan dat die skoolraad daarop aandring dat die skole en ander akkommodasie aangevra, binnekort voltooi moes word. Daar moet ook stappe gedoen word om die nodige koördinasie tussen die laer-, hoërskool en normaalkollege te verkry.(1)

'n Spesiale komitee is saamgestel om die saak met die Administrateur van Transvaal te bespreek.(2) Toe die skoolraad in 1915 begin agiteer het, is die Uitvoerende Komitee van die Transvaal in kennis gestel dat daar geen fondse beskikbaar sou wees vir skoolgeboue nie. Die gevolg van die skoolraad se pogings om die geboue te verkry, was dat hulle in kennis gestel is dat £150,000 aan die provinsie Transvaal vir onderwysdoeleindes vir die hele provinsie toegestaan is, alhoewel die verkryging daarvan gevolg het op die agitasie wat van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad uitgegaan het. Van die £150,000 het die Administrateur net £95,000 ontvang en tenders is

alreeds/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 22 Feb. 1916.

(2) Ibid., 21 Maart 1916.

alreeds aangeneem om die geld te gebruik. 'n Groot deel van die geld sou op die Witwatersrand gebruik word en ook vir sekere plattelandse skole, omdat reëlings nie finaal vir die verkryging van tenders op die Witwatersrand getref is nie. Daar moes nog £55,000 van die Regering ontvang word as deel van die bedrag wat vir 1915 toegestaan is, maar daar is niks van gehoor nie. Daar is gevra dat die som op die krediet van die administrasie geplaas word saam met die begroting wat vir die boekjaar 1916 - 1917 gemaak is. Daar is besluit om 'n openbare vergadering te belê en dat die plaaslike Provinsiale Raadslede uitgenooi word.(1) Die volgende resolusies is opgestel om aan die openbare vergadering op 6 April 1916 voorgestel te word: „That the provision made for primary education in the Transvaal being seriously inadequate, it is imperative that the Provincial Council take immediate steps to meet this deficiency. That as the funds now at the disposal of the Provincial Administration are insufficient this meeting is of opinion that recourse should be had to some form of local taxation."(2) Die mosies is eenparig aangeneem en het 'n nuwe wending voorgestel, d.i. dat die Provinsiale Rade sowel as die Unie-Regering belastings moes insamel. Daar is verder besluit om die beherende liggaam van die Belastingbetalers-vereniging in die onderwyssaak te interesseer.(3)

Toe die skoolraad 'n opname gemaak het van hoeveel kinders in die skoolraadsdistrik toegang tot skole geweier is, weens gebrek aan akkommodasie, is gevind dat dit 526 was, waarvan 250 kleurlingkinders.(4) Die blanke skool-

bevolking/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 28 Maart 1916.

(2) Ibid., 6 April 1916.

(3) Ibid., 18 April 1916.

(4) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 25 April 1916.

bevolking van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraadsdistrik is op 17,579 blanke en 1,525 kleurlingkinders gestel.(1) Toestande het nie verbeter nie en in 1918 het die skoolraad 'n afvaardiging aan die Uitvoerende Raad van die Transvaal gestuur. Nadat die afvaardiging in kennis gestel is waarom daar nie meer geboue opgerig is nie, het die skoolraad die sienswyse uitgespreek dat genoegsame geld aan skoolgeboue bestee moes word en die Uitvoerende Raad is vermaan om onmiddellik op te tree.(2) Die Administrateur het geantwoord dat alles moontlik gedoen word om die nodige voorsiening van akkommodasie in die Witwatersrand-Sentraal Skoolraadsdistrik te bewerkstellig, en die Uitvoerende Raad sou die begroting van die skoolraad by die vroegste geleentheid aan die Provinsiale Raad voorlê. Hy gaan verder om te sê dat die skoolraadsdistrik voorkeur met die aankoop van skoolpersele geniet het.(3) Die skoolraad was nie met die Administrateur se antwoord tevrede nie, en het besluit om weer vertoë tot hom te rig dat die voorsiening van 2,000 plekke vir kinders in skole onvoldoende vir die skoolraadsdistrik sou wees.(4) In die loop van die drie jaar vanaf Julie 1916 tot Junie 1919 het die aantal kinders onder die beheer van die skoolraad van 15,801 tot 22,649 vermeerder, 'n vermeerdering van 6,800 of amper 2,300 per jaar.(5) Teen Oktober 1919 het daar in die drie maande 'n vermeerdering plaasgevind van 1,090 sodat die aantal kinders op 23,823 te staan gekom het.(6)

(iv) Voorsiening/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 14 Nov. 1916.

(2) Ibid., 18 Maart 1918.

(3) Ibid., 23 April 1918

(4) Ibid.

(5) Star, 16 Junie 1919.

(6) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 27 Okt. 1919.

(iv) Voorsiening van Geboue. Na sy intrede is die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad gevra om 'n begroting op te stel vir geboue wat opgerig sou moes word. Daar is in Maart 1908 gevoel dat die volgende skole die dringendste nodig is: -

| | | |
|---|---|---|
| Richmond | vir 150 leerlinge teen | £1,500 |
| Melville | 3 addisionele klaskamers | £1,000 |
| Rosebank | vir 150 leerlinge teen | £1,500 |
| Turffontein Junior | " 250 " " | £2,500 |
| Bezuidenhoutsvallei | " 250 " " | £3,000 |
| Doornfontein | " 250 " " | £3,000 |
| Yeoville en Bellevue-Oos | " 400 " " | £5,000 |
| Victoria (Jeppe) | " 400 " " | £5,000 |
| Jumpers | " 400 " " | £4,000 |
| Pollystraat Kleurling | " 400 " " | £4,000 |
| Vrededorp Kleurling | " 600 " " | £5,000 |
| Vrededorp (Blanke) | " 250 " " | £2,500 |
| Henristraat | " 250 " " | £2,500 |
| Von Brandis | " 800 " " | £10,000 |

Bo en benewens bostaande geboue het die skoolraad uitgegaan van die standpunt dat voorsiening alreeds gemaak is vir die bou van skole op City and Suburban, Norwood en Langlaagte. Daar is verder grondige redes aangevoer waarom bostaande skole gebou moes word.(1) In Junie is die skoolraad in kennis gestel dat alhoewel voorsiening nie in een jaar vir al die skole wat dringend nodig is gemaak kan word nie, daar wel £10,000 opsy gesit is vir 'n tegniese skool wat vakkundige opleiding sou verskaf.(2) Daar was verskillende moeilikhede in die pad van die voorsiening van skole in Johannesburg, bv. die grond tot die beskikking van die skoolraad in Vrededorp vir blanke kinders was so klein dat óf 'n dubbelverdiepinggebou opgerig moes word, óf 'n tweede verdieping op die huidige gebou geplaas moes word as dit sterk genoeg was.(3)

Die skoolraad het sy misnoeë te kenne gegee toe

bekend/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 6 Maart 1908.

(2) Ibid., 15 Junie 1908.

(3) Ibid., 28 Aug. 1908. (Die gebou is vandag die Milnerpark Juniorskool.)

bekend gestel is dat die Onderwysdepartement sy keuse van die geboue maak wat opgerig sou word, op advies van die plaaslike inspekteur. Hulle het gevoel dat die werk aan hulle oorgedra is en dat die Onderwysdepartement met hulle behoort te onderhandel oor watter geboue eerste opgerig moes word.(1) Die Onderwysdepartement het ook voorgestel dat die nuwe skole wat gebou word van die paviljoentipe sou wees, wat uit 'n sentrale saal en klaskamers sou bestaan, as die erf dit toelaat.(2)

Die volgende jaar is weer 'n begroting deur die skoolraad opgestel. Die skole is deur hulle in order van noodsaaklikheid soos volg geplaas: -

| | | |
|---|---|---|
| Markstraatskool vir | 600 - 700 | leerlinge |
| Vrededorp Kleurlingskool vir | 600 | " |
| Doornfonteinskool vir | 600 | " |
| Goedehoopskool, Fordsburg vir | 500 | " |
| Lilianwegskool, Fordsburg vir | 250 | " |
| Turffonteinskool vir | 300 | " |
| Jeppes Opvoedingsinstituut vir | 300 | " |
| Pollystraat Kleurling vir | 400 | " |
| Fairviewskool vir | 200 | " |
| Bezuidenhoutsvallei vir | 2 addisionele klaskamers | |
| Richmondskool vir | 150 | leerlinge |
| Kliprivierskool | 150 | " |
| Crown Reefskool | 150 | " |

(3).

Verder is daar gevra dat kookkunssentrums opgerig word in Troyeville (100 leerlinge), Turffontein (50 leerlinge) en Doornfontein (sentrum vir kleurlingkinders).(4)

Weer is die skoolraad in kennis gestel dat aan hulle vereistes nie voldoen kan word nie en dat net die

Markstraat/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 28 Aug. 1908.

(2) Ibid.

(3) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 2 Feb. 1909.

(4) a. Ibid.
b. Minutes of the Witwatersrand Central School Board Board, 5 Feb. 1909.

Markstraat-, Turffontein- en Kliprivierskole opgerig sou word.(1) Hiermee het die skoolraad nie saamgestem nie, en mnr. C.F. Stallard is gevra om 'n brief op te stel waarin die misnoeë van die skoolraad aan die Onderwysdepartement bekend gemaak sal word. Hy het geskryf: „My Board have learned with the greatest regret that the building programme which they recommended has been cut down to such small limits. My Board calculate that they have some 3,000 children of schoolgoing age for whom there is at present no accommodation; and they consider that all the twelve schools that they have recommended for construction during the coming financial year are urgently needed. They therefore beg that the Department will reconsider entirely the recommendations that they will submit to parliament."(2) Die Direkteur van Onderwys is gevra om 'n vergadering by te woon. Tydens die vergadering het hy gesê dat die tekort aan die nodige fondse nie toelaat dat die volledige lys skole, deur die skoolraad ingedien, gebou kan word nie. Die Onderwysdepartement het hulle nie by die volgorde van die skoolraad gehou nie, omdat die aanbevelings nie akkoord gaan met die beginsel van sentralisasie van die Onderwysdepartement nie. Daar kan bv. nie verstaan word waarom 'n skool vir 600 kinders in Doornfontein gevra word, terwyl daar alreeds 'n sentrale skool in Troyeville is en twee ander sentrale skole, Twiststraat en Yeoville, nie ver van die voorgestelde skool sou wees nie. Die Onderwysdepartement het net die skole gekies om te bou op die plekke, waar die inspekteur en die skoolraad ooreengestem het. Die inspekteur moes deur die skoolraad geraadpleeg word.(3) Die skoolraad het die

Direkteur/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 4 Junie 1909.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 2 Aug. 1909.

Direkteur daarop gewys dat hy nie met die topografie van Johannesburg bekend is nie, want groot koppies het dit onmoontlik gemaak vir die Doornfonteinse kinders om na die Yeovilleskool te gaan. Twiststraatskool was vol.(1) As die Onderwysdepartement nie met die skoolraad se aanbevelings saamstem nie, sou dit reg wees om met die skoolraad te onderhandel. Die Onderwysdepartement het nóg in 1908, nóg in 1909 die skoolraad geraadpleeg en die metode vir oprigting van skole maak die skoolraad se werk waardeloos en beuselagtig, sodat lede sal weier om hul tyd te mors om die werk te verrig.(2) Die Direkteur het erken dat die Onderwysdepartement se optrede nie volgens wet geskied nie, maar dat in die toekoms daarop gelet sou word. Die Direkteur het gemeld dat die groot haas, wat deur die onderhandelinge in verband met die vereniging van die Suid-Afrikaanse kolonies veroorsaak is, die Onderwysdepartement nie tyd gegee het om met die skoolraad te onderhandel nie.(3) Alhoewel die Direkteur nou bereid was om 'n skool in Doornfontein aan te beveel, het die Koloniale Sekretaris geweier.(4) Die skoolraad het voorgestel dat: „Recommended that the Board express surprise that it should still be disregarded by Government."(5) Die Onderwysdepartement het die skool toe goedgekeur.(6)

Weer is daar in Maart 1910 'n begroting ingedien en die voorsiening van skole is as dringend beskou in die

volgende/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 2 Aug. 1909.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 1 Okt. 1909.

(5) Ibid.

(6) Ibid., 21 Jan. 1910.

volgende gevalle: -

| | |
|---|---|
| Goedehoop Fordsburg vir | 400 leerlinge |
| Crown Reef (om Crown Reef en Lilianwegskole te vervang) vir | 400 " |
| Jeppes Opvoedingsinstituut vir | 400 " |
| Pollystraat Kleurling vir | 400 " |
| Fairview | Addisionele klaskamers |
| Bezuidenhoutsvallei | " " |
| Richmond vir | 150 leerlinge |
| Jewish vir | 600 " |
| George Goch vir | 135 " |
| Alberton vir | 90 " |
| Brixton vir | 480 " |
| Rosettenville | Addisionele klaskamers |
| Booysens | " " |
| City Deep vir | 150 leerlinge |
| Fountainebleau (skool onder beheer van Pretoria Skoolraad) vir | ? |
| Troyeville Kookkunssentrum vir | 100 " |
| Turffontein " vir | 100 " |
| Troyeville Handearbeidsentrum vir | 100 " |

(1).

Die eerste skoolraad van Johannesburg het dus probeer om daadwerklik op te tree om die nodige voorsiening te maak en omdat dit die skoolraad was met die meeste skole onder sy beheer, blyk dit dat hulle ten gunste van die jeug van Johannesburg gewerk het.

(c) Skoolbesoek in die Gebied van die Skoolraad.

Om sorg te dra dat soveel kinders as moontlik skole onder die jurisdiksie van die skoolraad sou bywoon, is in die eerste maand van die skoolraad se bestaan aanbevelings behandel dat ses skoolbesoekbeamptes aangestel moes word.(2) Die skoolraad het dit moeilik gevind om voorsiening vir al die leerlinge te maak wat graag skool toe wou kom. Op aanvraag het die Onderwysdepartement bepaal dat leerlinge van hul vyfde jaar af skole kon bywoon, met die verstandhouding dat as daar nie ruimte is nie, die toelatingsouderdom tot ses jaar verander word. Omdat daar nie genoegsame voorsiening gemaak kon word nie, het die/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 4 Maart 1910.

(2) Minutes of the Finance and Building Committee, 21 Jan. 1908.

die skoolraad besluit om alle kinders onder die ouderdom van sewe jaar te ontmoedig om skool toe te gaan, sodat diegene wat ouers as sewe was, die eerste keuse kry. Weer is aanbeveel dat skoolbesoekbeamptes aangestel moes word.(1) Na 'n sensus deur die Johannesburgse munisipaliteit geneem is, het dit geblyk dat daar 1,477 leerlinge onder die ouderdom van sewe die skole in die skoolraadsdistrik bygewoon het.(2) Verder is aangedui dat 12,031 leerlinge tussen die ouderdomme van 7 en 14 jaar binne die munisipale gebied skole onder die skoolraad bywoon, terwyl daar 3,702 leerlinge van skoolgaande ouderdom glad nie skole bygewoon het nie. As die 1,477 onder die ouderdom van sewe jaar uitgesluit is, sou daar nog 2,225 leerlinge wees vir wie daar geen voorsiening gemaak is nie omdat al die bestaande skole vol is.(3) Die syfers het aangedui dat nie al die leerlinge in die distrik skool toe gaan nie, en dat skoolbesoekbeamptes nodig geag is om te sorg dat hulle die skole wel besoek.(4) Die volgende vergadering het besluit dat die pligte van die skoolbesoekbeamptes soos volg sou wees:- om inligting in te win oor die aantal kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat daar in die skoolraadsdistrik is; om die name van kinders wat die verpligte skoolgaande ouderdom bereik het, en nie skool toe gaan nie, te verkry, asook die redes waarom die kinders van die voorreg van onthou is; om die name van werkgewers te kry wat kinders van skoolgaande ouderdom in diens neem; om enige verdere statistieke in verband met die kinders wat verplig is om skool toe te gaan, in te samel, soos die

skoolraad/

---

(1) Minutes of the Finance and Building Committee, 15 Sept. 1908.

(2) Ibid., 6 Okt. 1908.

(3) Ibid., 9 Okt. 1908.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 9 Okt. 1908.

skoolraad mag verlang; om enige instruksies uit te voer wat in verband met die verpligte bywoning van skole staan, soos in die Onderwyswet No. 25 van 1907 uiteengesit.(1)

Net twee skoolbesoekbeamptes sou aangestel word teen 'n salaris van £300 per jaar.(2) Die Onderwysdepartement het sy goedkeuring geheg aan die aanstelling en voorgestel dat een beampte £250 per jaar met £50 reistoelae en die ander £200 per jaar met £50 reistoelae moet ontvang.(3) Toe die vakatures geadverteer is, is 150 aansoeke ontvang.(4) Daarvan is twaalf kandidate uitgesoek, waaruit J.H. Devers en G.S. Mitchell aangestel is.(5) Die skoolbesoekbeamptes sou alleenlik onder die beheer van die skoolraad val.(6) Die eerste geval van pogings tot vervolging, omdat kinders nie skool toe gegaan het nie, is teen ene H.J. Smit gevoer, wat geweier het om sy kinders skool toe te stuur, omdat hy sy kinders nodig gehad het om vir hom te werk. Die kinders was 15, 10 en 8 jaar oud.(7)

Die skoolbesoekbeamptes het uitgegaan om 'n sensus te neem van die kinders wat skole moes bywoon. Hulle het 404 kinders gevind in die eerste maand wat nie skole bywoon nie, en hulle ouers is gewaarsku.(8) Daar is ook gevind/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 30 Okt. 1908.

(2) Ibid.

(3) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 12 Jan. 1909.

(4) Ibid., 2 Feb. 1909.

(5) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 1 Maart 1909.

(6) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 23 Feb. 1909.

(7) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 4 Junie 1909.

(8) Ibid., 2 Julie 1909.

gevind dat heelwat kinders deur plaaslike firmas in diens geneem is, en na die werkgewer in kennis gestel is in verband met die vereistes van die wet is die kinders almal ontslaan.(1) Van die 564 leerlinge wie se ouers gewaarsku is om hulle kinders skool toe te stuur, is 483 tot skole toegelaat.(2) Die hof het blykbaar nie veel ag op die onderwyswet geslaan nie, want die eerste saak wat in die verband in die magistraatshof voorgekom het, het die vonnis van twee dae tronkstraf of 'n boete van 5/- uitgelok.(3) Die magistraat het duidelik gemaak dat die straf so lig is omdat dit die eerste geval was wat voor die hof gekom het. Nadat die kinders gedwing is om skool toe te gaan, het die skoolraad gevoel dat daarop aangedring moes word dat leerlinge gereeld die skool moes besoek. Die gebrek aan 'n definisie van gereelde of ongereelde besoek in die onderwyswet het die skoolraad nie laat terugdeins nie. In November 1909 is aan die skoolraad bekend gemaak dat vervolgings vir ongereelde skoolbesoek vir die eerste keer geslaag het, in teenstelling met vervolgings van ouers wat hul kinders glad nie skool toe gestuur het nie. Van die nege ouers wat vervolg is, is agt beboet terwyl die negende op 'n tegniese punt vrygekom het. Hy het erken dat hy skriftelike waarskuwings ontvang het dat hy sy kinders skool toe moes stuur, maar geen waarskuwing ontvang het in verband met die geval van die spesifieke kind waarvoor hy aangekla is nie.(4) Met die sensus het 'n nuwe probleem ontstaan. Ouers wou graag, hoofsaaklik die in die oostelike voorstede, hul kinders skool toe stuur, maar geen kinders is toegelaat as die skole vol was nie. Die ouers

was/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 2 Julie 1909.

(2) Ibid., 6 Aug. 1909.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 5 Nov. 1909.

was dus verplig om te wag totdat die kind toegelaat kon word.(1) Daar is ook bevind dat 25% van alle leerlinge in die Transvaal in die Witwatersrand-Sentraal Skoolraadsdistrik skoolgaan. Vir die 25% was daar twee skoolbesoekbeamptes, terwyl die orige 75% van die leerlinge deur 29 skoolbesoekbeamptes bearbei is.

Daar is ook gevoel dat die leerlinge die skool veels te vroeg verlaat, en die skoolraad het aanbeveel dat vrystelling van skoolbesoek van veertien tot vyftien jaar verhoog moes word.(2) Daar is ook geëis dat geen kind toegelaat word om die skool te verlaat voordat hy nie die vierde standerd geslaag het nie.(3)

Die skoolraad het op die gebied ook baanbrekerswerk verrig, en het gehelp om onderwys aan elke kind te bring.

(d) Tegniese Onderwys.

(i) Ambagskool, Johannesburg. Die enigste tegniese of vakkundige onderrig wat deur die skole verskaf is, was hout- en ysterwerk in die geval van seuns en huishoudkunde in die geval van meisies. Die skoolraad het ook gevoel dat opleiding van 'n tegniese en vakkundige aard aan seuns verskaf moes word, en het die komitee wat met algemene sake gehandel het, gevra om die moontlikheid van die oprigting van 'n ambagskool na te gaan.(4) Om die saak deeglik na te spoor, het die komitee liggame wat in tegniese onderwys belangstel, genader om verteenwoordigers na 'n vergadering te stuur wat op 13 April 1908 gehou is.

Verteenwoordigers/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 5 Nov. 1909.

(2) Ibid., 3 Maart 1911.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 14 Feb. 1908.

Verteenwoordigers is van die volgende liggame gevra:-

Die Handel- en Arbeidsraad - 3 lede;
Die Boumeesters - 1 lid;
Die Mynbestuurdersvereniging - 1 lid;
Transvaalse Universiteitskollege - 1 lid;
Instituut vir Werktuigkundige Ingenieurs - 1 lid;
Onderwysdepartement - 1 lid; en
J.A. Vaughan die Hoofinspekteur van Masjinerie.(1)

Nie al die liggame het die uitnodiging aangeneem nie, en buiten die skoolraadslede het die here J. Robinson, Thompson (inspekteur van skole), prof. J. Orr, mnr. Sampson L.W.R., mnr. Epton, J.A. Vaughan en mnr. Meischke die vergadering bygewoon.(2) Die Direkteur van Onderwys het op 8 Januarie 1908 die skoolraad in kennis gestel dat £5,000 vir 'n handels- of vakkundige skool beskikbaar gestel is. Die doel van die skool sou wees om seuns vir die nywerheid en 'n kommersiële loopbaan voor te berei; om meisies in huishoudkunde en higiëne van die huis op te lei, asook vir die bevordering van hul algemene, intellektuele, morele en estetiese opleiding wat in die laerskool begin is.(3) Die leerlinge wat die skole sou bywoon, sou leerlinge wees wat die laerskoolkursus voltooi het. Die voorsitter van die skoolraad, H.J. Hofmeyr, het bespreking oor die onderwerp uitgelok. Mnr. Sampson L.W.R. het die mening uitgespreek dat vakkundige opleiding vir seuns moes ophou as die seun veertien jaar oud is, sodat hy dan met sy vakleerlingeskap kon begin. Die doel van die ambagskool sou wees om algemene opleiding te verskaf, met die strewe om die seun se kennis uit te brei sodat hy na die tyd 'n ambag kon leer. Klasse behoort by alle skole ingestel te word om tegniese onderrig te verskaf, en die ambagskool sou dus 'n praktiese skool word, waar die seun een keer per

week/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 27 Maart 1908.

(2) Ibid., 13 April 1908.

(3) Ibid.

week heen kan gaan om die praktiese toepassing van sy kennis uit te voer. Aandklasse kan deur hom tydens sy vakleerlingskap bygewoon word om sy kennis van die drie R's op te knap.(1) Die skool sou onderrig verskaf aan seuns uit die skoolraadsdistrik afkomstig. Van die ouderdom 10 of 11 kon hy die ambagskool bywoon en daarna 'n tegniese klas, wat opgevolg sou word deur die inskrywing van die seuns as 'n vakleerling. Die ambagskool sou uitsluitlik industrieel en nie tegnies wees nie, wat gevorderde onderrig aandui wat nie saam met sy ambag ontvang kan word nie. Om mee te begin, behoort die ambagskool net ambagte wat aan die mynnywerheid verbonde is, te onderrig, terwyl handels- of kommersiële onderrig geen plek in die ambagskool sou vind nie. Daar is 'n aanvraag na ambagskole in die land, omdat daar geen vakleerlingstelsel in werking is nie.

Mnr, Vaughan, inspekteur van masjinerie, het gevoel dat handearbeid in die skool 'n nuwe rigting aandui en nie geslaagd sou wees nie. Volgens hom is vakleerlingskap die enigste manier om 'n ambag aan te leer.

Professor Orr van die Transvaalse Universiteitskollege het aanbeveel dat in die ambagskool die tegniek van die verskillende ambagte, asook kommersiële onderrig, verskaf moes word. Die skool moet hom op die teorie en praktyk van die ambagte toelê en nie op die ambag self nie, want die onderrig van die ambag as sodanig sou deur die ambagorganisasies geopponeer word. Vyf-en-sewentig van die studente wat die aandklasse van die Universiteitskollege bywoon, is vakleerlinge. Daar is minstens 300 vakleerlinge wat in die ingenieurswese op die myne ingeskryf is, almal waarvan verplig is om aandklasse by te woon.

Mnr. Thompson, die inspekteur van skole, het met

professor/

(1) Die drie R's is lees, skryf en reken. (Reading, writing and arithmetic.)

professor Orr saamgestem dat spesifieke opleiding nie in die ambagskool tuis behoort nie. Die doel van die ambagskool is om opleiding te verskaf aan diegene wat een of ander ambag wil aanleer, nie om die plek van die vakleerlingskap in te neem nie, maar om 'n algemene opleiding te verskaf wat hulle sou voorberei vir hul besondere ambag. Die vakke wat in 'n ambagskool onderrig moet word, is teken, wetenskap, matesis en algemene praktiese werk en die kursus behoort minstens twee jaar te duur, waarna die seun kan spesialiseer deur sy inskrywing in een of ander ambag. Die leerlinge sou die laerskool op veertienjarige ouderdom verlaat, nadat die laerskoolleerplan voltooi is. Dan sou hulle twee jaar in die ambagskool deurbring, gevolg deur 'n tydperk van vakleerlingskap. Die gelde, deur die Onderwysdepartement beskikbaar gestel, laat nie toe dat voorsiening vir meisies gemaak word nie, of vir die verskaffing van 'n handelsopleiding. Handelsopleiding kan in die laerskole verskaf word en 'n paar van die laerskole kan klasse vir die doel afsonder. Ongeveer 25% van die leerlinge wat die laerskoolkursus voltooi, gaan hoërskole toe. Die aandklasse, deur die Onderwysdepartement gereël, was 'n mislukking weens die toestande aan die uitbetaling van salarisse aan die onderwysers verbonde.

John Robinson, wat lid van die Sentrale Raad van Opvoeding van die Onderwysdepartement was, het sy sienswyse uitgespreek, nl. dat die ambagskool leerlinge moes toelaat na hulle die vierde standerd geslaag het. Die ambagskool behoort in die eerste instansie net die beginsels van die verskillende ambagte te onderrig, maar voorsiening moet terselfdertyd gemaak word vir die algemene onderrig van die leerlinge. Handelsonderrig behoort ook verskaf te word. Seuns behoort toegelaat te word om 'n halfdag te werk, sodat die orige tyd aan klasse, waar hulle

die/

die beginsels van hulle amp kon leer, bestee kon word. Voorsiening behoort gemaak te word vir opleiding van meisies in natuurkennis, tuinbou en die kuns om te melk. Landbou behoort aan beide seuns en dogters onderrig te word, en die skoolperseel moet so gekies word dat voorsiening vir die deel van die werk gemaak kan word. Sekere van vakke van die Transvaalse Universiteitskollege kan eerder na die skool oorgeplaas word waar hulle tuishoort as in 'n universitêre inrigting bv. elementêre wetenskap en teken. Daar is altesaam 323 vakleerlinge wat die klasse van die Universiteitskollege bywoon, waarvan 'n deel moontlik na die nuwe inrigting oorgeplaas kan word. Van die 323 vakleerlinge het omtrent 200 nog nie in die vierde standerd geslaag nie, en vir dié moes voorbereidende kursusse in rekene, Engels en teken verskaf word.

Mnr. Meischke, wat die boumeesters verteenwoordig het, het gevoel dat die ambagskool 'n leemte in die opleiding van seuns vir die boubedryf sou vul. Daar was geen vakleerlingstelsel in die boubedryf nie, alhoewel indien so 'n stelsel ingestel word, dit nie afbreuk aan die ambagskool se werk sou doen nie. As daar geen vakleerlingstelsel in een of ander bedryf bestaan nie, sou die skool ook verwag word om opleiding vir die ambag te verskaf.

Mnr. Manfred Nathan het gesê dat die ambagskool onderrig in die verskillende ambagte behoort te verskaf, sodat as die leerlinge uitgaan, hulle op die kennis kon bou.

Mnr. John Ware het dit goedgevind dat die verskillende ambagte onderrig moes word, maar geen poging moes aangewend word om met die sakewêreld mee te ding nie. Daar is besluit om verdere inligting in te win oor vak-

leerlinge/

leerlinge wat in die skoolraadsdistrik werksaam is; die ouderdomme van die vakleerlinge; die aard van hul werk, hul besoldiging; die neigings voor of teen vakleerlingskap.(1)

Professor John het verder gegaan en 'n memorandum ingedien waarin aanbevelings gedoen is in verband met die oprigting van die ambagskool. Die volgende was sy mening: 'n Ambag kan die beste geleer word deur middel van 'n vakleerlingskap, nie noodwendig 'n ingeskrewe vakleerlingskap of die ouderwetse binnemuurse vakleerlingskap nie, maar wel deur opleiding wat bedags deeltyds gevolg word, wanneer die vakleerling in die middag toegelaat word om die nodige klasse by te woon wat oor die tegnies van sy ambag handel, en opleiding wat saans verskaf word soos in die verskillende institute van die spoorweg, De Beers (Kimberley) en die Transvaalse Universiteitskollege gedoen word.

Die Transvaalse Instituut van Meganiese Ingenieurs was van mening dat die tweede geval hierbo genoem, verkiesliker is vir vakleerlinge en dat dit gereël kan word met minder werkure, terwyl die vakleerling wat bedags opleiding geniet, nie die nodige tyd gegee sal word om klasse by te woon nie. Die Instituut het aanbeveel dat aandklasse verpligtend gemaak moes word, en aanmoediging moes gegee word om vooruitgang te bevorder.

Bostaande sienswyse gaan uit van die veronderstelling dat daar 'n vakleerlingstelsel in werking op die Witwatersrand is. Vakleerlingskap moet begin tussen die ouderdomme 15 en 16 jaar, en om hom vir die vakleerlingskap voor te berei, is dit wenslik om voorsiening te maak

vir/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 13 April 1908.

vir seuns tussen 13 en 16, 'n voorsiening wat algemene onderrig en onderrig in elementêre wetenskap, teken en die gebruik van gereedskap sal insluit. Geen spesifieke ambag sal onderrig word nie.

Die skole wat die onderrig verskaf, moet behoorlik toegerus wees om die tegniek van die verskillende ambagte tydens die aandklasse te onderrig. Terwyl die Transvaalse Universiteitskollege aandklasse reël om hoër tegnologiese werk soos die ontwerp van masjinerie, toegepaste wiskunde, skeikunde ens. te onderrig, verskaf die ambagskool weer onderrig in die tegniek van die verskillende ambagte soos die van die loodgieter, skrynwerker, messelaar, ens.

As daar geen stelsel van vakleerlingskap vir sekere ambagte soos skilder, kleremaak, saalmaker, laaier, ens. ingestel is nie, word daar voorgestel dat vakleerlingskap ten koste van die Regering ingestel moes word. Werkgewers sou 'n toelae van die staat ontvang vir die onderrig van vakleerling; en 'n praktiese kursus moet aan die ambagskole gegee word om die plek van vakleerlingskap te vul. Verder word aanbeveel dat die onderrig in die ambagskole verskaf, onder die beheer van die Onderwysdepartement moes geskied, want as die Transvaalse Universiteitskollege daarmee moes aangaan, sou dit die vooruitgang van die inrigting benadeel.(1)

Die Opvoedingsraad van die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n spesiale vergadering op 8 Mei 1908 gereël om die saak na te gaan. Daar is besluit, dat nadat die Pretoriase ambagskool gebou is, sekere aspekte van tegniese onderrig aandag moes geniet. Tegniese onderrig tot op datum bestaan uit aandklasse in Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom gereël. Daar is omtrent 270

jongelinge/

---

(1) Orr: Education and the Training of Engineers.

jongelinge, volgens die rapport van die Industriële Kommissie No. 52, wat deur verskillende mynmaatskappye op die Witwatersrand in diens geneem is, en aan wie tegniese onderrig verskaf moes word. Om dit te doen, is dit nodig om 'n goeie fondament te lê waarop 'n stelsel van tegniese onderwys gebou kon word. Daar sal meer Transvalers tegniese loopbane wil volg in plaas van om te boer of om klerklike werk te verrig, sodat daar 'n aanvraag vir eesterangse tegniese onderrig sal bestaan wat uiting sou kry in die spoorweg, mynnywerheid en ander ambagte, wat tot nog toe hul werkers van elders getrek het.(1)

Op 14 Mei 1908 het die Opvoedingsraad regulasies bespreek waaronder 'n ambagskool beheer sou word.(2) Met die wending het die Transvaalse Universiteitskollege planne beraam om veranderinge te bring in die werk wat deur die Universiteitskollege verrig is, sodat hul werk nie moontlik die van die ambagskool sou oorvleuel nie.(3) Die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad het die oprigting van 'n ambagskool van alle moontlike kante beskou en menings van belangstellendes ingewin.(4) In Julie 1908 is 'n aanbod van die Witwatersrand „Council of Education" ontvang waarin akkommodasie vir die voorgestelde ambagskool van Johannesburg aangebied is.(5) Aan die begin van 1909 het die Direkteur van Onderwys aanbeveel dat 'n ambagskool in Johannesburg opgerig word.(6)

Toe/

---

(1) Aanwins 295: Council of Education, 8 Mei 1908.

(2) Ibid., 14 Mei 1908.

(3) a. Minutes of the General Purposes Committee, 2 Junie 1908.
b. Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 5 Junie 1908.

(4) Aanwins 295: Council of Education, 10 Junie 1908.

(5) Ibid., 25 Julie 1908.

(6) Ibid., 13 Feb. 1909.

Toe professor Orr se aanbevelings bekend gemaak is, het 'n mnr. Samuel Evans gesê: „It is deplorable that at least 500 white boys should every year become recruits for the ranks of the unskilled portion of the community, and this in a country where the unskilled labourer has to compete with the kaffirs. Unless a change takes place the time is coming when we shall have an extremely serious white unemployment problem to face."(1) Die beginsel wat in Suid-Afrika gevolg moes word met die keuse van werk vir seuns behoort hulle toe te laat om met sukses met die naturel mee te ding. 'n Ambagskool behoort dus ambagte te onderrig waarin die naturel op ekonomiese gebied geen kans sou hê om met blankes mee te ding nie. Ambagte waarin masjinerie 'n groot rol speel, behoort onderrig te word. Vakleerlingskap is nie 'n sukses in die land nie, want die bekwame werktuigkundige dring daarop aan om 'n naturel by hom te hê om die growwe werk te verrig en dat daar sodoende geen opening vir die blanke is nie. Onder moderne toestande is die jong seun wat 'n ambag wil leer, 'n las vir die wat hom onderrig en ook 'n geldelike verlies vir die man wat hom inskryf. Die ambagskool sou dus 'n leemte vul.(2)

Alhoewel die ambagskool as dringend nodig beskou is, het die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad eers die ontwerp van die skool in Januarie 1910 ontvang. Akkommodasie sou vir 201 in plaas van 300 leerlinge verskaf word en die beraamde koste van die gebou sou omtrent £25,000 beloop.(3) John Robinson het sy ontevredenheid uitgespreek omdat die skool in Smitstraat agter die Wanderersterrein gebou sou

word/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 7 Mei 1909.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 27 Jan. 1909.

word, want syns insiens, moes die gebou meer sentraal geleë wees.(1) So is die Johannesburgse ambagskool in 1910 en 1911 gebou om in een van die menigvuldige leemtes in die onderwys in die Goudstad te voorsien.

(ii) Kommersiële Opleiding. Voorsiening moes ook vir seuns en dogters gemaak word wat wel die sewende standerd geslaag het, maar wat om een of ander rede nie na 'n hoërskool kon gaan nie. Die Direkteur van Onderwys het voorgestel dat kommersiële klasse ingerig moes word as deel van die werk van een van die laerskole. Troyeville sou verkieslik wees, weens die sentral posisie wat hy in die stad Johannesburg inneem; asook as gevolg van die sukses wat deur die skool in eksamens behaal is. Die hoof van die skool, mnr. Foote, is ook as die geskikte man beskou om die nodige leiding aan so 'n skool te verskaf.(2) Die skool is dus ingerig om onderrig in die aspek van die onderwys te verskaf.

(iii) Fordsburgse Nywerheidskool. In 1913 is daar voorgestel dat 'n industriële of beroepskool in Fordsburg opgerig word waar seuns en meisies tydens skoolure opleiding kon geniet.(3) In November is beplan om die skool onmiddellik in Fordsburg te begin (4) en wel in die kerksaal van die Presbyteriaanse Kerk wat vir die doel vir £5.0.0 per maand gehuur sou word.(5) Die leerplan sou onder andere ook naaldwerk en kleremakery insluit.(6) Toe die inrigting geopen is, is daar gevoel dat 'n fout

begaan/

(1) Aanwins 295: Council of Education, 8 Maart 1910.

(2) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 26 Mei 1911.

(3) Ibid., 18 Julie 1913.

(4) Ibid., 25 Nov. 1913.

(5) Ibid., 6 Feb. 1914.

(6) Ibid., 3 April 1914.

begaan is om die skool in 'n gebou te begin wat nie geskik vir die doel was nie, en dat die inrigting in 'n stadsgebied sou wees wat agteruitgaan en derhalwe ongeskik is.(1) In 1920, na die oorlog, is daar beplan dat die skool 'n nuwe gebou moes kry en dat aandag ook aan landbou geskenk moes word, daar die hoof van die ambag- en landbouskool op Potchefstroom die skoolraad in kennis gestel het dat hy meer aansoeke van die Witwatersrand vir toelating ontvang het as wat hy moontlik kon toelaat.(2)

(e) Die Oprigting van Nuwe Hoërskole.

Tydens die Kroonkolonie-tydperk is reëlings getref vir die oprigting van soveel hoërskole dat daar oor die algemeen gevoel is dat in die behoefte van hoërskoolonderwys voorsien is. Die „King Edward VII," „Johannesburg High School for Girls" en die „Jeppe High School" het in die nodige behoeftes voorsien. Die skoolraad het dus na sy intrede probeer om onderriggeriewe te skep vir die wat nie hoërskool toe wou of kon gaan nie. Daar is derhalwe ernstige pogings aangewend om 'n ambagskool in die lewe te roep.

Met die wetgewing in 1914, toe alle onderwys in die Transvaal vry gemaak is, en van die jaar af geen skoolgelde meer gevorder is nie, het die skoolraad gevoel dat die tyd aangebreek het om ook die hoërskole onder sy beheer te bring. Daar sou egter geen rede wees waarom die aparte beherende liggame nie kon bestaan nie.(3) Die stigting van toekomstige hoërskole sou nog deur die skool-

raad/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 3 April 1914.

(2) Ibid., 9 Feb. 1920.

(3) Minutes of the School Management Committee, 25 Aug. 1914.

raad behartig word, maar die hoërskole het hul beherende liggame behou. Die nuwe hoërskole, vanaf dié jaar tot 1920 opgerig, is die handelskool (Commercial High), tegniese hoërskool (later Forest High) en die hoërskool vir die noord-westelike voorstede (Parktown High).

(i) „Commercial High School." Met die bespreking van die oprigting van 'n ambagskool het die besef gekom dat die skool alleenlik onderrig in die verskillende ambagte sou kon verskaf. 'n Ander plan sou gemaak moes word. In Desember 1912 het W. Cullen op die jaarvergadering van die Witwatersrand „Council of Education" die raad se aandag op beroepsopleiding vir seuns en dogters gevestig, wat voor die gewenste tyd gaan werk. 'n Komitee is aangestel om inligting in te win van skole, die mynmaatskappye en werkgewers van jong seuns en dogters. Die komitee het bekend gemaak dat van die 1,000 seuns wat elke jaar die skool verlaat, omtrent 500 werk aangeneem het wat geen toekoms gebied het nie. Daar is aanbeveel dat praktiese vakke in die skoolleerplan ingesluit moes word om die skoolwerk aantrekliker te maak.(1) Intussen het die Onderwysdepartement voorgegaan om 'n skool te bou wat die nodige beroepsopleiding aan seuns en dogters sou verskaf.(2) Die skool is op die terrein gebou waar die vroeëre Cosmopolitan-parkskool van F. Bergh voor die Anglo-Boere-oorlog en die later Union Groundskool gestaan het. Die Johannesburgse munisipaliteit was nie tevrede met die nuwe gebou nie, omdat dit nie aan die regulasies van die munisipaliteit voldoen het nie.(3) Op 19 Oktober is die skoolraad in kennis gestel dat die skool in die offisiële

koerant/

---

(1) Council of Education: History of Council, 17.

(2) Minutes of the School Management Committee, 27 April 1915.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 11 Mei 1915.

koerant van Transvaal nou bekend gestaan het as 'n hoërskool, maar nogtans onder die beheer van die skoolraad sou ressorteer.(1)

(ii) „Technical High School." In 1914 is daar 'n aansoek deur die skoolraad ontvang wat 'n hoërskool vir die suidelike voorstede aangevra het.(2) Die Onderwysdepartement het te konne gegee dat geen nuwe geboue op die stadium opgerig kon word nie.(3) Daar is wel besluit om in die loop van die volgende jaar 'n hoërskool in die suidelike voorstede te bou, wat onderwys aan 500 seuns sou verskaf, maar in die skool sou daar spesiale fasiliteite geskep word vir die opleiding van leerlinge om die bedrewe ambagte sowel as die gewone fasiliteite te verskaf, wat by ander hoërskole aangetref word.(4) Die skoolraad het die voorstel verwelkom en het die nodige reëlings getref om geskikte grond vir die doel in die hande te kry.(5) Tien akkers teen £200 per akker is gekry nadat mnre. Pim en Forrest ondersoek ingestel het.(6) Die plaaslike bevolking was nie met die plan van 'n tegniese hoërskool in die suidelike voorstede ingenome nie. Hulle het gevra dat die skool ook voorsiening moes maak vir die onderrig van meisies. Die regte plek vir 'n tegniese hoërskool sou die middestad wees, waar dit maklik deur leerlinge van die al die dele van die stad bereik kon word. Leerlinge van die suidelike voorstede sou die skool alleen nie kon vul nie. Die skoolraad het besluit om die munisi-

paliteit/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 19 Okt. 1915.

(2) Minutes of the School Management Committee, 25 Aug. 1916.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 23 Jan. 1917.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

(6) Ibid., 20 Maart 1917.

paliteit te nader om die treinspoor tot by die skool te verleng.(1) Toe die skool geopen is, het dit die naam van „Technical High" gedra, maar in werklikheid was dit nie 'n tegniese skool nie. Die Onderwysdepartement sou dus reëlings tref om 'n suiwer tegniese skool in die middestad op te rig.(2) Na ondersoek ingestel is, het die Onderwysdepartement tot die gevolgtrekking geraak dat daar geen grond met die nodige terrein in die middestad beskikbaar sou wees waarop 'n skool opgerig kon word nie.(3)

(iii) „Parktown High School." Die skoolraad het in 1918 kennis van die Onderwysdepartement ontvang dat 'n hoërskool vir die noord-westelike stadsgebiede toegestaan is en dat die skoolraad 'n geskikte bouterrein moes soek.(4) Tydelike voorsiening vir die skool sou van die begin van 1919 in militêre hutte in Aucklandpark gemaak word, waar leerlinge wat standerd VII alreeds geslaag het en ander leerlinge wat standerd II aan die einde van 1919 slaag, toegelaat sou word.(5) Na die moontlike bouterreine besoek is, is daar besluit om twee bouterreine die Onderwysdepartement aan te bied. Een terrein was naby die Parkviewskool(6) en die ander een was die terrein van mnr. Aspinall se „Parktown Preparatory School" in Wellingtonweg, Parktown.(7) Die Onderwysdepartement het besluit om op laasgenoemde stuk grond te laat bou op voorwaarde dat die/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 12 Aug. 1919.

(2) Ibid., 26 Jan. 1920.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 9 Julie 1918.

(5) Ibid., 30 Julie 1918.

(6) Vandag is die Parktown Girl's High daarop gebou.

(7) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 10 Sept. 1918.

die munisipaliteit grond vir speelterreine sou afstaan. Dit is besluit dat die skool vir seuns en meisies sou wees, totdat 'n tweede skool nodig geag word, dan sou die skool 'n suiwer seunskool word.(1) So het nog 'n hoërskool die lig aanskou.

5. Belangstelling in die Johannesburgse kind.

Buiten die normale werk van die skoolraad was daar ander sake wat aandag geverg het. Die kinders in Johannesburg wat skool toe gegaan het, het nie almal uit gegoede huise gekom nie, sodat af en toe verskillende mense en liggame gevoel het dat hulle hul deel moes bydra tot die versorging van sulke kinders. In November 1908 is die skoolraad deur die Witwatersrandse Ambag- en Arbeidsraad vir toestemming genader om maaltye aan kinders te verskaf wie se ouers nie in staat was om hulle behoorlik te voed nie. Die Raad het kennis gedra van Johannesburg en wou graag die liefdadigheidswerk verrig. Een skool sou elke week gevoed word nadat 'n begin met die Vrededorpskool gemaak is. As die weer dit toelaat, sou die kinders buite gevoed word en die enigste kookwerk wat verrig sou word sou die maak van tee wees. Toestemming is verleen op voorwaarde dat geen vuur binne in skoolgeboue gemaak sou word nie.(2) Thomas Gallagher, 'n bakker, het ook aangebied om vyftig leerlinge elke dag te voorsien van: „a free meal at my restaurant in President street."(3) Die aanbod is aangeneem en kinders is gekies van die wat die Von Brandis-, Jode- en Markstraatskole bygewoon het. Koepons vir maaltye sou aan die kinders uitgereik word.

Die/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 1 Okt. 1918.

(2) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 17 Nov. 1908.

(3) Ibid.

Die proefneming sou, om mee te begin, net 'n maand duur.(1) In Maart 1909 het die hoof van die Von Brandisskool die skoolraad in kennis gestel dat 265 leerlinge van die heer Gallagher maaltye ontvang het wat ten seerste waardeer word.(2)

Die toestand van die kind is deur die twee pogings aangedui, maar in 1913 het die skoolraad die Onderwysdepartement genader om 'n gereelde mediese inspeksie van skoolkinders binne die skoolraadsdistrik te reël.(3) Daar is gevind dat baie kinders ondervoed is nadat 'n kommissie, bestaande uit dr. E.P. Baumann, mev. Blackwell en die here Hosken en Ware, ondersoek ingestel het. Aan die Administrateur is bekend gemaak dat daar minstens 50 leerlinge is, na ondersoek, wat weens die armoede van hul ouers uiters ondervoed is. Die Administrateur is gevra om hulp in die gevalle te verleen. Om voorsorgmaatreëls vir gevalle soos bostaande te tref, is die Administrateur gevra om fondse aan die skoolraad af te staan wat vir die doel gebruik kon word.(4)

In 1914 het 'n mediese inspeksiestelsel in werking getree met dr. C.L. Leipoldt as mediese inspekteur van skole. Dr. Leipoldt het bekend gemaak dat hy sekere skole in Johannesburg, Pretoria en die platteland ondersoek het. Hy het net onreëlmatighede in die leerlinge se gesondheid gediagnoseer en tensy die ouers sy advies volg, sou sy inspeksies van nul en gener waarde sou wees. Vir die Witwatersrand-Sentraal skoolraadsdistrik is 'n verpleegster aangestel wat ook die tuistes van leerlinge besoek het, en ouers/

(1) Minutes of the Finance, Building and General Purposes Committee, 17 Nov. 1908.

(2) Ibid., 16 Maart 1909.

(3) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 3 Okt. 1930.

(4) Ibid., 21 Okt. 1913.

ouers van advies oor gesondheid en higiëne dien. Die skoolraad het op die vergadering besluit om die Algemene Hospitaal te nader om 'n afdeling vir kinders te stig wat net vir behandeling moes gaan. Verder is besluit dat 'n geskikte gebou in die stad gesoek moes word om as skoolkliniek te dien.(1)

Die fondse wat aan die skoolraad gegee is om ondervoeding te bestry, was goed bestee, want dit skoolraad het in die tweede kwartaal 1914 vir 1,153 ontbyte betaal (£14.8.3) wat aan kinders van die Fordsburgse Goedehoop- en Milnerparkskole gegee is.(2)

In September is daar 'n sorgkomitee vir kinders (Children's Care Committee) in die lewe geroep wat toesig oor die kinders in die westelike deel van die skoolraadsdistrik sou hou. Die komitee sou deur die skoolraad beheer word. Eerstens sou die komitee toesig hou oor kinders wat die Goedehoop-, Milnerpark- en Avenueskole bywoon; sou die advies van die mediese inspekteur van skole opvolg deur te sorg dat die leerlinge die nodige mediese behandeling kry; die tuistes van leerlinge besoek, aan die skoolraad alle gevalle van ondervoeding bekend maak asook gevalle van geestelike en liggaamlike agterlike kinders rapporteer.(3) Die komitee sou deur die skoolraad vir een jaar aangestel word, en het uit verteenwoordigers van die verskillende liggame bestaan wat in maatskaplike werk belang gestel het.(4) Toe die eerste wêreldoorlog uitgebreek het, is dr. Leipoldt genader om die mediese afdeling van die verdedigingsmag wat na Duits-Wes-Afrika

sou/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 28 Julie 1914.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 1 Sept. 1914.

(4) Ibid.

sou vetrek, te organiseer, en tot tyd en wyl hy terugkeer, is die werk gestaak.(1)

6. Kleurlingonderwys.

Naturelle-onderwys in Johannesburg het merendeels in die hande van die verskillende sendinggemeenskappe berus, maar die kleurling, wat nóg naturel nóg blanke was, het geen skool gehad nie. In Maart 1908 het die skoolraad gevoel dat 'n adviserende liggaam in die lewe geroep moes word om toesig oor die afdeling van die Onderwysdepartement se werk te hou.(2) Die inspekteur van skole, F. Handel Thompson, het die skoolraad in kennis gestel dat dit deel van hul pligte is en 'n adviserende raad dus nie nodig is nie. 'n Adviserende raad is in Milner se tyd in die lewe geroep om advies te gee in verband met die onderrig van kleurlingkinders. Alhoewel dit van die skoolraad verwag word om te besluit of 'n leerling blank of nie-blank is, is ook magte aan hulle gegee om onderwysers aan te stel en skole te verskaf.(3) Daar was twee kleurlingskole onder die beheer van die skoolraad, nl. die Pollystraat en die Burghersdorpskole.(4) Die groot probleem van die Witwatersrand het gou sy kop uitgesteek, want daar is gevra dat 'n kleurlingskool gebou moes vir: „high class coloured children excluded from white school schools."(5) Een van die skoolbesoekbeamptes het gemeld dat dit 'n ontbering vir kleurlingkinders is om nie toegelaat te word om blanke skole by te woon nie: „as many of

the/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 18 Des. 1914.

(2) Ibid., 27 Maart 1908.

(3) Ibid.

(4) 3343, Secretary, Witwatersrand Central School Board - Secretary, Transvaal Education Department, 1 Sept. 1911.

(5) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 6 Aug. 1909.

the parents lead a decent life and some of them are in Government and Municipal employ; are voters in Government and Municipal elections and all pay taxes in the same way as the whites."(1) As Art. 29 van die Onderwyswet No. 25 van 1907 ingestel is om te verhoed dat kleurlingkinders met blankes meng, is daar verwys na die Rooms-Katolieke skole waar blankes en kleurlinge sonder diskriminasie toegelaat word.(2)

(i) Kleurling Normaalkollege. Die skoolraad het die probleem besef en in 1911 is 'n petisie deur die skoolraad ontvang vir die oprigting van 'n skool in Vrededorp vir „Afrikaner Kleurlinge" wat hoëronderwys sou verskaf.(3) 'n Kleurlingskool is in Vrededorp opgerig en die skoolraad het nie kans gesien om nog 'n kleurlingskool in die gebied op te rig nie. Intussen moes kleurlinge hul sekondêre onderrig in die gebou ontvang. Die saak is nie weer voor 1918 aangeroer nie, toe die Kleurling Onderwysersvereniging aan die skoolraad bekend gemaak het dat daar 60 leerlinge in standerd V en 30 in standerd VI was, wat terug sou kom skool toe as 'n normaalkollege vir kleurlinge opgerig word. Op die tydstip kon kleurlinge net hoër onderwys elders verkry. Die sertifikate ontvang het nie die goedkeuring van die Onderwysdepartement weggedra nie. Kleurlinge wat opleiding in die Kaapprovinsie geniet het, moes minstens twee jaar daar onderwys gee voordat hulle kon terugkeer. Om mee te begin, kan 'n deel van die huidige kleurlingskool in Vrededorp gebruik word om die geriewe te verskaf.(4) Die skoolraad was ten gunste daarvan dat die nodige

onderwysaangeleent-/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 6 Aug. 1909.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 3 Maart 1911.

(4) Ibid., 12 Maart 1918.

onderwysaangeleenthede vir kleurlinge geskep moes word.(1) Reëlings is getref om die gebou te gebruik en van die begin van 1919 is die klasse begin.(2)

(ii) Kleurlingkinders in blanke skole. Art. 29 van die Onderwyswet No. 25 van 1907 het seker meer moeilike gevalle opgelewer met die kosmopolitaanse gemeenskap as enige ander deel van die provinsie. Die tragedie wat hier afgespeel is, waarvoor nóg die ouer nóg die kind kon help, is duidelik uiteengesit in 'n roman van prof. Abel Coetzee: „Waarheen Vader."(3) Die artikel insake kleurlingkinders was nie te duidelik nie en hoe moes die skoolraad optree as private skole soos die kloosterskole kleurlinge saam met die blankes toelaat?

In 1908 moes die skoolraad sy eerste beslissing gee in die geval van 'n seun wat van Siriese afkoms was. Hy is beskou as 'n kleurling en kon dus nie 'n blanke skool bywoon nie.(4) Die hoof van die Booysensskool wou graag van die skoolraad weet of: „all children whose parents are not prepared to state that there is absolutely no trace of colour" van die skool uitgesluit moes word?(5) Die skoolraad het besluit om die hoof te ontmoet en die spesifieke gevalle te bespreek.(6) In 1909 het die hoof van die Vrededorpskool gevra of albei ouers van 'n kind blankes moes wees voor die kind toegelaat word. Die skoolraad het bevestigend geantwoord. 'n Beleid is nou geformuleer dat

waar/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 12 Maart 1918.

(2) Minutes of the School Management Committee, 8 Maart 1920.

(3) Prof. A. Coetzee is 'n voormalige lid van die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 28 Feb. 1908.

(5) Ibid., 11 Des. 1908.

(6) Ibid.

waar daar twyfel bestaan, die ouers en die kinders 'n skoolraadsvergadering moes bywoon sodat die skoolraad self kon oordeel.(1) Aan die skoolraad is 'n probleem gestel, want baie kinders wat as blankes deurgegaan het, was kleurlinge. Daar het toe 'n aanbeveling van die skoolraad uitgegaan om 'n spesiale skool te stig vir die kinders wat weens Art. 29 uit die blanke skole geweer is en wat so min gekleurd is dat hulle nie graag na die kleurlingskole wou gaan nie.(2) Weens 'n tekort aan fondse kon die Direkteur van Onderwys nie aan die versoek voldoen nie.

(iii) Indiërskool. Indiërkinders het die kleurlingskole bygewoon, maar toe daar gesentraliseer is en die Markstraatskool in 'n skool vir kleurlinge omgeskep is, het die Indiërs gevind dat hulle geen skool vir hul kinders het nie. Die „British Indian Association" het probeer om die gebou in Newtown wat tot dusver vir kleurlingkinders gebruik is, te herbou om die nodige onderrig aan hul kinders te gee.(3) Die skoolraad het die aanvraag oorweeg en daar is in Februarie 1912 besluit om die Indiërskool oor te neem op voorwaarde dat die skoolgebou na die skoolraad se wense herstel en verander word. Die veranderinge wat voorgestel is, het betrekking gehad op die toepassing van gesondheidsmaatreëls.(4) Die gebou op die hoek van Wolhuter- en Mainstrate in Newtown is deur skoolraadslede besoek. Daar is getoon dat die skool met 135 leerlinge voortgesit sou word.(5) Die Onderwysdepartement het die stigting van 'n Indiërskool goedgekeur en die skoolraad/

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 16 April 1909.

(2) Ibid., 2 Julie 1909.

(3) 3343, Chairman, British Indian Association - Director of Public Instruction, 19 Sept. 1911.

(4) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 16 Feb. 1912.

(5) Ibid.

skoolraad is aangeraai om met die Provinsiale Sekretaris te korrespondeer insake 'n gebou. 'n Tydelike personeel van Indiërs met 'n blanke hoof moes verkry word, en daar is aanbeveel dat die skool aan die begin van die tweede kwartaal 1913 geopen moes word.(1) In Desember 1913 het die Onderwysdepartement aangebied om volle verantwoordelikheid vir Indiëronderwys in Johannesburg te aanvaar, op voorwaarde dat die skoolgebou nie vir godsdienstige doeleindes deur die Indiërs gebruik word nie.(2)

7. Samevatting.

(a) Vroeë Organisasie van Onderwys in Johannesburg.

In die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek is daar 'n poging aangewend om 'n skoolraad in werking te bring, sodat beheer oor die skole in Johannesburg uitgeoefen kon word. Die skoolraad het nie staande gebly nie, omdat daar niet met die Onderwysdepartement saamgewerk kon word nie. Tydens die oorlog is 'n Superintendent van skole van Johannesburg benoem om skole te stig en te beheer. Weens die aard van Johannesburg en sy digtheid van bevolking was dit nie nodig om die distrik 'n skoolraad te gee na die inwerkingtreding van die Onderwyswet No. 7 van 1902 nie. Alle Administrasie het tydens die oorlog sy middelpunt in Johannesburg gehad, en die owerhede het die probleme van Johannesburg verstaan. Na die oorlog het Johannesburg gegroei. Met die koms van verantwoordelike bestuur het genl. Smuts die wenke van lord Selborne gevolg toe hy 'n nuwe Onderwyswet opgestel het. As gevolg van die wetgewing het Johannesburg weer 'n skoolraad gekry.

(b) Die/

---

(1) Minutes of the Witwatersrand Central School Board, 7 Feb. 1913.

(2) Ibid., 5 Des. 1913.

(b) Die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad.

Die skoolraad het met 'n menigte probleme te kampe gehad. Daar was geen presedent van hoe opgetree moes word nie. Baanbrekerswerk moes deur hulle verrig word. Hulle het van die stanspoor probeer om in Johannesburg se behoeftes te voorsien, met die gevold dat 'n stremmende tydperk deurgemaak moes word totdat die magte van die skoolraad goed gevestig was. Die Onderwysdepartement het gesorg dat hulle hulle nie te veel mag toeëien nie, deur die uitbetaling van gelde te beheer.

Die grootste taak van die skoolraad was om in die onderwysbehoeftes van die stad te voorsien. Hulle moes geskikte persele aanskaf, geboue huur, sorg dat daar voldoende ruimte is en sorg dat goeie geboue opgerig word.

Die Onderwyswet van 1907 het vir die eerste keer verpligte skoolbesoek in die Transvaal vasgestel, en die skoolraad het, deur die aanstelling van skoolbesoekbeamptes, probeer om elke kind in 'n skool te bring. Hulle moes ruimte en plek verskaf.

Die skoolraad het verder probeer voorsien in al die eise wat die stad op opvoedkundige gebied kon stel soos 'n ambagskool, 'n handelskool, 'n nywerheidskool, asook nuwe akademiese en tegniese hoërskole. Daar is ook vir die Kleurling- en Indiërkind gesorg.

Belangstelling in die Johannesburgse kind wat deur armoede moes ly, het ook hul aandag geniet. Reëlings is vir voeding, versorging en mediese inspeksie getref.

Die Witwatersrand-Sentraal Skoolraad het dus in die jare 1908 - 1920 veel tot stand gebring, daar dit 'n kwart van die skoolgaande jeug van die Transvaal van opvoedkundige fasiliteite moes voorsien.

------oooOooo------